Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 31: *Emor* (אמר) – Spreek, Praat, Sê.

יהוה het vir Moshe gesê: Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle. Lev. 21:1 – PWL[1].

Torah: Lev. 21:1 tot 24:23.

Haftorah: Eseg. 44:15 tot 31.

Nuwe Verbond: Rom. 12:1–2; 1 Pet. 2:9; Heb 12:14; 1 Pet. 1:13–17; Hebr. 7:26; Kol. 2:16–17; Matt. 5:16; Efes. 5:8; Joh. 1:4,9; 8:12; 2 Kor 4:6; Matth. 5:38–42; Jak. 2:1–9; 1 Pet. 1:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 31 wat afgelaai kan word by: Parashah31Notas14 en Parashah31Notas15 en Parashah31Notas16.

In order to understand the truth, you have to expose those things that are not true. What's left is then the facts – Joseph Dumond

For those who hate truth, truth is hate – Anonymous

You can ignore reality. However, you cannot ignore the consequences of ignoring reality – Ayn Rand.

The reason why the Ten Commandments are short and clear is that they were handed down direct, not through several committees – Dan Bennett.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

In vorige notas het ons gesien dat die Torah van YHVH van die begin af bestaan het. Maar ons het ook gesien dat YHVH se Torah in drie dispensasie (tydperke) verdeel kan word. In elke dispensasie was ‘n bepaalde deel van YHVH se Torah van toepassing wat ook gekoppel word met die bepaalde verbond van daardie dispensasie.

In verlede week se Torahskriflesing (*Acharei Mot – K’doshim*: Parashah29.30Notas17) is verduidelik dat Torah van Moses (boek van die wet; wetboek) vir ‘n vasgestelde tyd ‘n bepaalde doel gedien het, naamlik ‘n tugmeester tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24 en 25).

Onderstaande is ‘n skematiese uiteensetting van die drie dispensasies van YHVH se Torah.

‘n Koninkryk van Priesters

Ons Torahskriflesing van die week begin met die woorde:

יהוה *het vir Moshe gesê: Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle.....* Lev. 21:1.

Dan volg ‘n lang lys van instruksies (Lev. 21:1 tot 24) aan die priesters. Instruksies wat hulle nougeset moet uitvoer sodat hulle as afgesonderd (heilig en toegewy) vir YHVH dienswerk in die tabernakel kan verrig.

YHVH-God het van elke priester vereis om afgesonderd (heilig) te wees soos wat YHVH afgesonderd is. Israel as volk moes ook afgesonderd wees!

want Ek is יהוה*, julle God. Julle moet julleself afsonder en wees afgesonderd, want Ek is Afgesonderd.* Lev. 11:44.

7*Sonder julleself af en wees afgesonderd, want Ek is* יהוה*, julle God.* **8***Hou My reëls en doen dit. Ek is* יהוה*, wat julle afsonder.* Lev. 20:7 en 8.

Die opdrag om afgesonderd te wees soos wat YHVH afgesonderd is word in die Skrifte van die nuwe verbond herhaal.

13*Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een,* **14***soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie,* **15***maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is* **16***omdat daar geskrywe is: "Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is."* 1 Pet. 1:13 tot 16.

Die priesters van die Levitiese priesterorde was volgens geboorte, uit die nageslag van Aäron, en hulle is aangestel en gekies om bepaalde dienswerk te verrig. Net so word ons deur wedergeboorte in die amp van priester volgens die orde van Malgisédek aangestel om dienswerk in YHVH se Koninkryk te verrig. Daarom skryf die Apostel Petrus:

9*Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,* **10***julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.* 1 Pet. 1:9 en 10.

Om te dien as priesters in die Koninkryk van YHVH was God se plan van die begin af. Daarom het YHVH vir Israel by die berg Sinai met die sluit van die boek van die verbond (Ex. 24:7) gesê:

5*daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne.* **6***Júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê."* Ex. 19:5 en 6.

Israel was bestem om 'n koninkryk van priesters in die beloofde land, Kanaän te wees. Maar na die aanbidding van die goue kalf het YHVH 'n priesterdom uit die stam van Levi gekies – die Levitiese priesterorde. Israel was toe nie meer 'n volk **van** priesters nie, maar 'n volk **met** priesters as deel van die Torah van Moses. Maar dit was ook net tydelik tot Yeshua, Die Gesalfde Een, gekom het. Die Levitiese priesterorde was deel van die tugmeester (Gal. 3:24 en 25) tot Yeshua sou kom om aan die folterpaal te sterf en die skuldbrief teen Israel uit te wis. (Kol. 2:14).

Maar vooraf het Jesaja ook geprofeteer dat Israel weer 'n volk van priesters sal word.

maar júlle sal die priesters van יהוה genoem word; daar sal van julle gepraat word as bedienaars van ons God! Julle sal die rykdom van die nasies eet en in hulle rykdom sal julle roem. Jes. 61:6.

Hierdie profesie het met die koms van Yeshua waar geword! Daarom lees ons in die brief aan die Hebreërs dat daar 'n verandering ten opsigte van die priesterorde plaasgevind het na die sterwe en opstanding van Yeshua.

11*As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?* **12***Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,* **13***want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,* **14***want dit*

is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroei het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. **15*Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan***. **16***Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,* **17***want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"* **18***want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,* **19***want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit.*

Die Levitiese priesterorde het dus sy doel gedien en is vervang met die priesterorde van Melgisédek met Yeshua as die Hoofpriester. Daarom is elkeen wat wedergebore is deur vertroue in Yeshua deel van YHVH se Koninkryk van priesters. Die bevestiging hiervan vind ons ook in die boek van Openbaring. Johannes getuig in Openbaring 1:5 en 6 aangaande Yeshua

Die Gesalfde Een, die betroubare getuie, die Eersgeborene uit die dood en die Heerser oor die konings van die aarde; Hy wat ons liefhet, ons van ons sondes losgemaak het deur Sy bloed en ons 'n koninkryk van priesters gemaak het vir God, Sy Vader; aan Hom die eer, lof, aanbidding en die heerskappy vir tydlose ewigheid! Dit is waar.

YHVH het ons 'n koninkryk van priesters gemaak en daarom sal ons ook saam met Yeshua as priesters van God tydens die Millennium regeer.

Geseënd en afgesonderd is hy wat deel het aan die eerste opstanding. Oor hulle het die tweede dood geen outoriteit nie, maar hulle sal priesters van God en van Die Gesalfde Een wees en sal saam met Hom vir 'n duisend jaar lank regeer. Open. 20:6.

Die Melgisèdekorde

Die Melgisédekorde is deel van die nuwe verbond en daarom is dit noodsaaklik dat elke gelowige deeglike kennis hiervan het. Die volgende skrywe deur AndriYah is 'n bondige samevatting van die Melgisédekorde. AndriYah verduidelik dit soos volg:

> Die Melgisèdekorde is die **lang pad van herstel** vanaf die Sondeval via **Eersgeborenes** as die **Saad van die vrou (Gen. 3:15)**, met die **oponthoud** wat plaasgevind het deur die **Rebellie van die Goue Kalf se aanbidding** (Ex. 32), wat die **doodstraf verdien het** nà hulle **JaHUaH se Verbond** gesluit het by Sinai (My-Verbond, Ex. 19:5 – 6), waar hulle die **Tien Gebooie/Torah van JaHUaH** gekry het as Boek van diè Verbond wat Hyself neergeskryf het (Ex. 24:12, Ex. 31:18), asook insettinge en verordeninge (Wetboek) wat hulle prakties in staat sou stel om die Tien Woorde/Gebooie te onderhou, veral as hulle eers in die Land is (dit het Moses neergeskryf, Ex. 24:3 - 4). Net die Tien Woorde is binne-in die Verbondsark geplaas (Ex. 40:20), terwyl dit wat Moses geskryf het, aan die kant van die Verbondsark geplaas is (Deut. 31:24 – 26).
>
> Ons lees al van die My-Verbond in Gen. 9:11 in die tyd van Noag. Voorts spruit die My-Verbond verder voort uit die beloftes aan AbraHam (Gen. 12, 15, 17, 18, 21, 22) wie JaHUsha se "dag gesien" het (Gen. 22:14, Joh. 8:56) wat beteken dat hy Elohiem dus "geglo het en dit is hom tot geregtigheid gereken" (Gen. 22:18, Gal. 3:6 – 16, Hand. 3:25).

Dat JaHUaH dit "Sy" Verbond (My-Verbond) noem maak sin omdat JaHUaH by Homself gesweer het (Gen. 22:16 – 18, Ps. 110:4, Heb. 6:13 – 18, Heb. 7:19 – 22, Luk. 1:72 - 73).

Moses het vir die Volk ingetree, anders sou hulle totaal uitgewis gewees het, en JaHUaH sou deur Moses weer 'n Volk kon laat ontstaan (Ex. 32:9 – 10).

Weens Moses se intersessie vir die Volk, is **Eersgeborenes met Leviete uitgeruil of uitgekoop met silwer** deur 'n wettige transaksie (Num.3) met Moses as middelaar (Ex. 20:19) en so is die **Levitiese orde ingestel** sodat die Volk deur die **onderhouding** van daardie **Torah van Moses** kon **LEWE** (Deut. 5:33, 8:1) …. net totdat die Messias as **Eersgebore Seun** van die Vader (Joh. 1:14) as Midddelaar van die Nuwe/Hernude Verbond (Heb. 8:6) sou kom van wie **Moses as 'n dienaar** (Heb. 3:1 – 6) geprofeteer het (Deut. 18:15 – 18, Hand. 3:22, 7:37) wat daardie transaksie van Num. 3 weer kom omkeer het (1 Pet. 1:18 – 19), sonder silwer maar met die bloed van JaHUsha waarin die lewe is.

> 1 Pet. 1:18 – 19 "omdat julle weet dat julle **nie** deur verganklike dinge, **silwer of goud**, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat **deur die vaders** oorgelewer is **nie**, maar deur die **kosbare bloed van Messias**, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos .."

Maar intussen is daar verdere wette (insettinge en verordeninge) **bygevoeg** nà en as gevolg van die aanbidding van die Goue Kalf (wat JaHUaH nou "'n-Verbond" noem, Ex. 34:27) wat ook langs die Ark geplaas is, Deut. 31:24 – 26) en dit was soortgelyk aan **'n vonnis** met al die wette wat nou gehoorsaam moes word wanneer hulle in die Land sou aankom, **sodat** dit met hulle goed kon gaan en **lewe** [wat hulle nie gedoen het nie (Eseg. 20:13, 27) en daarom verban was uit die Land, maar 'n Oorblyfsel van Juda het wel teruggekeer nadat die twee stamme (Juda) se verbanningstydperk verstreke was]. Gal. 4:24 – 26 getuig van die twee verskillende verbonde.

Die Levitiese orde was dus nog steeds in werking toe Messias JaHUsha as Eersgebore Seun van die Vader gekom het as die Verlosser van die Volk (dit sluit ons as geestelike nageslag van AbraHam in, Gal. 3), sodat **LEWE** nou deur **Hòm** is (1 Joh. 5:11 – 12), en nie meer deur die onderhouding van die Levitiese orde se "Torah van Moses" as bygevoegde wette (Gal. 3:19) nie.

> [**Dit beteken nie dat ons Torahloos is nie!** Ons het nog steeds die "Torah van JaHUaH" as die Tien Gebooie/Woorde op die Tafels van ons Harte (om nie net fisies nie maar ook geestelik uit te leef) waar ons Harte nou die Verbondsark is (vir elkeen in JaHUsha as die "Ark van die Verbond" is) met die Gees/Teenwoordigheid van JaHUaH daarop soos met die Fisiese Ark. Tien Woorde is nou nie meer op kliptafels nie (Jer. 31:31 – 33, 2 Kor. 3), maar op vleestafels van die hart. Die "Torah van Moses" waardeur die Volk MOES LEWE, is deur JaHUsha en die LEWE wat IN HOM is, tot die volle mate vervul (Mat. 5:17), en daarom het Johannes gesê dat dit Sy gebooie is wat nou bewaar moet word (1 Joh. 2:1 – 8) soos wat Hy dit vir ons uitgespel het deur die hele Nuwe Testament, bv. Mat. 5 - 7. Dit word die "Torah van Messias" genoem in Gal. 6:2.]

Messias JaHUsha het daardie **doodstraf van die vonnis van die Goue Kalf-aanbidding** op Hom geneem. Die vonnis van die **tussentydse** Levitiese Stelsel waardeur die Volk

intussen moes "lewe" naamlik die Wetboek wat BYGEVOEG is (Gal. 3:19), was 'n **Skuldbrief/Rekening** en die Skuld in die Skuldbrief is nou **betaal,** afgehandel en gekanselleer (Kol. 2:14). In Engels is Skuldbrief "Handwriting of ordinances" wat toon dis dit wat Moses neergeskryf het in 'n Wetboek, wat gekanselleer is, nie die Tien Woorde wat JaHUaH neergeskryf het op Klip nie.

Sodoende het Messias JaHUsha as Eersgeborene, die Melgisèdekorde wat onderbreek was deur die gebeure in Ex. 32 weer laat herleef (Heb. 12:18 – 29) om nooit weer onderbreek te word nie, omdat Hy opgestaan het uit die dood en vir ewig lewe en dit 'n ewige testament is (Heb. 13:20) en so sal elkeen wat in Hom is ook vir ewig lewe en dit word gesamentlik die Gemeente van Eersgeborenes genoem (Heb. 12:23).

Dat die Goue Kalf se gebeure versoen is, kan ook waargeneem word aan die 3 000 wat in Ex. 32:28 aan die hand van die Leviete geval het, nou weer uitbalanseer met die 3 000 wat in Hand. 2:41 tot bekering gekom het en gedoop is in die Naam van JaHUsha Messias.

Volgens 1 Kor. 10, kyk ons geestelik in die "spieël" as ons die geskiedenis van Fisiese Israel lees, daarom bevind ons ons as die geestelike nageslag van AbraHam (sand – fisies, sterre – geestelik) nou in die Melgisèdekorde, in 'n Koninklike priesterdom, nie meer op pad na 'n fisiese Land met Josua (Jahusha in Hebreeus) as aanvoerder nie, maar met JaHUsha Messias as ons Verlosser en Aanvoerder om ons die geestelike Land, die Koninkryk van die Hemel, in te lei.

Geen Levitiese priesters meer nie, maar elke gelowige as 'n priester in die Koninkryk van die Hemel onder ons Groot Hoëpriester JaHUsha Messias (1 Pet. 2:9).

Om die Nuwe Testament veral reg te kan verstaan t.o.v. die Ou Testament, moet dit gelees word uit die geskiedkundige oogpunt van die Fisiese Koninkryk van Israel en sy fisiese bewoners teenoor die Geestelike Koninkryk van die Hemel en elkeen wat daar sal ingaan of reeds ingegaan het.

So was dit Messias JaHUsha en Sy dissipels se stryd dat Jode/Judaïsme van die Fisiese Koninkryk van Israel Hom nie wou aanvaar nie (Joh. 1:11), met die gevolg dat die Koninkryk van hulle weggeneem is (Mat. 21:43, Mat. 23:38) en daarom is die Koninkryk/Evangelie na die Heidene geneem om sodoende ook ons vandag te kon bereik (Joh. 1:12, Mat. 21:43) as die geestelike saad van AbraHam (Gen. 22:18), weliswaar nie meer om in 'n fisiese koninkryk te gaan woon nie, maar wel om erfgename te wees van die Koninkryk van die Hemel. (Heb. 11:39 – 40, Mat. 8:11 – 12, Gal. 4:22- 31, Open. 21 - 22).

Met die opkoms van die leringe van die Messiaanse beweging, is dit nou met ons as geestelike Israel (Rom. 11) weer soos dit ongeveer 2 000 jaar gelede was (Hos. 6:2 – na 2 dae lewend gemaak, op die derde dag laat opstaan), naamlik die <u>stryd</u> wat daar is met <u>Judaïsme</u> **VERSUS** die <u>Evangelie van genade en Verlossing</u> waarvoor JaHUsha as Messias gekom het.

As mens nou jou Nuwe Testament (wat jou Melgisèdekskrifte is), uit daardie oogpunt lees en verstaan, word dit grootliks ontsluit!)

Judaïsme wat na ons toe kom onder die masker van Messianisme/Hebreeuse Wortels, neutraliseer dikwels deur die subtiel verdraaide leringe van baie van die "leermeesters", groot happe uit ons Nuwe Testament uit en party gelowiges eindig op deur JaHUsha as Messias te verloën en andere word verhinder om verder te kan opgroei in Messias JaHUsha as die Hoof (Ef. 4:15), terwyl ons sedert JaHUsha se koms en Sy beloftes daaromtrent, die Gees as Leermeester het [om ons te leer vanuit die geestelike Nuwe Testament terug na die hoofsaaklik fisiese Ou Testament waar alles geanker is in die eerste 5 boeke (Torah) wat die Torah van Moses bevat, maar nie net daaruit bestaan nie].

Die Gees is uitgestort om ons te leer en te lei as Getuies vir JaHUsha Messias en moet ons van nuuts af "eerstehands" leer (Hand. 1:4, 8, Luk. 24:49, Joh. 4:24 - 26, Joh. 16:12 – 15, 1 Joh. 2:27).

Dit is die Groot Misleiding waarteen Paulus gewaarsku het in 2 Thess. 2, waardeur die Anti-Messias vir homself 'n weg baan wat al baie ver gevorderd is, hoofsaaklik omdat daar op "Joodse" eskatalogie (1 Joh. 2:7 – 11) geopereer word waar 'n messias nog verwag word (onthou dat hulle Hom nie aangeneem het toe Hy wel gekom het nie en dat hulle dus op 'n fisiese koninkryk konsentreer, terwyl dit nou 'n Koninkryk van die Hemel is).

Daar was vervolging vir diegene wat Messias JaHUsha gevolg het (1 Pet. 4:12 – 19), en navolgers van die Orde van Melgisèdek sal beledig en vervolg word, ook deur o.a. te sê dat ons nou weer in die Songodsdiens van die Christendom is, hoewel ons die Sabbat, Feeste en Torah van JaHUaH/Tien Gebooie op die tafels van die hart onderhou as die Torah van Messias, terwyl ons ook die Name van die Vader en Seun herstel het; dit alles vorm deel van die wederoprigting van alle dinge (Hand. 3:21).

Die "Wederoprigting" is noodsaaklik aangesien die suiwer evangelie baie gou deur duisternis geïnfiltreer is waarvan die Donker Middeleeue die piek was en die "wederoprigting" of restorasie gebeur al sedert daardie tyd, hoewel met langdurige oponthoude deurdat "godsdienste" gevorm is in stede daarvan om voort te gaan met die "wederoprigting" maar helaas, die Skrif het 'n antwoord vir diegene wat weerstand bied en wat beweer ons is weer terug by die Katolieke of Egiptiese Songodsdiens …

> 1 Pet. 4:14 "If you are reproached for the Name of Messiah, ***you are*** **blessed**, because the Spirit of esteem and of Elohim rests upon you. **On their part He is blasphemed**, but on your part He is praised." - Scriptures
>
> 1 Pet. 4:14 "As julle beledig word oor die Naam van Messias, **is julle geseënd**, omdat die Gees van die voortreflikheid en van Elohiem op julle rus. **Wat hulle betref, word Hy wel gelaster**; maar wat julle betref, word Hy verheerlik." - Woord en Getuienis

Met die Sluier van Moses afgehaal (2 Kor. 3), terwyl ons in die Orde van MelekTzadek met JaHUsha as ons groot Hoëpriester opereer, sal ons nie in die strik van 2 Thess. 2 trap nie, maar weer soos die Gemeente van Eersgeborenes van daardie dae, ons Messias kan herken en as Verlosser aanvaar, **Hom as Herder volg** (nie wolwe in skaapsklere nie, Joh. 10) en so ook die Hemelse Land, die Koninkryk van die Hemel kan ingaan (Open. 21 – 22).

Die Melgisèdekorde is niks anders as die suiwere Evangelie nie!

En dan kan ons saam met Paulus uitroep:

Rom 11:33 – 36 “O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van Elohiem! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
Want wie het die gedagte van JaHUaH geken, of wie was Sy raadsman gewees?
Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?
Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.”

Hallelu YaH!
AndriYaH
Oktober 2016.

Hierdie artikel van AndriYah kan ook afgelaai word by: MelgisedekordeSaamgevat

‘n Meer volledige lering oor die orde van Melgisédek is die artikel van Ina van Niekerk: “Die Orde Van Melgisèdek Teenoor Die Levitiese Priesterlike Orde”. Hierdie artikel kan afgelaai word by: MelgisédekLevitieseOrde

Matthew Nolan van “Torah To The Tribes” (https://www.torahtothetribes.com/) het ook ‘n reeks leringe oor Melgisédek. Onderstaande is die skakels vir sy leringe:

Mystery of the Melchizedek – Intro

Mystery of the Melchizedek – Part 2

Mystery of the Melchizedek – Part 3

Mystery of the Melchizedek – Part 4

Mystery of the Melchizedek – Part 5

Mystery of the Melchizedek – Part 6

Ons Taakomskrywing

Die Levitiese priesters was toegerus (opgelei) vir hulle taak. As priesters volgens die orde van Melgisédek is ons ook gekies en toegerus om diens te verrig in ten minste een van die volgende bedieninge, naamlik: as afgevaardigde (apostel), of as profeet, of as boodskapper van die goeie boodskap (evangelis), of as herder, of as leermeester (leraar). Ons word toegerus vir dienswerk deur die gawes van die Afgesonderde Gees wat aan elkeen die manifistasie van die Gees gee as hulp, krag en outoriteit. Paulus verduidelik dit soos volg:

4*Daar is ’n verskeidenheid van gawes, maar die Gees is Een.*
5*Daar is ’n verskeidenheid van bedieninge, maar* יהוה *is Een.*
6*Daar is ’n verskeidenheid van wonderwerke, maar God wat alles in elke persoon werk, is een God,*
7*maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help.*
8*Daar word aan hom, deur die Gees, ’n boodskap van wysheid gegee, maar aan ’n ander ’n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees;*

9*aan 'n ander vertroue in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees,* 10*maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale.*

11*Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil.* 1 Kor. 12:4 tot 11.

Elkeen ontvang hierdie geestelike gawes om te gebruik om die gemeente mee te dien en op te bou.

Laat elkeen van julle sy naaste met die geestelike gawe wat hy ontvang het, dien soos goeie hoofde van die unieke huis van onverdiende guns van God. 1 Pet. 4:10.

As Melgisédek priesters is ons taak die opbouing (stigting) van die gemeente (*ekklesia*) en die uitbreiding van YHVH se Koninkryk. Ons moet die vrede en die opbouing (onderlinge stigting) van mekaar najaag (Rom. 14:19). Dit beteken dat ons onderrig en dade moet bydra tot die bevordering van geestelike groei en geestelike volwassenheid van die gemeente.

Ons bediening en die gemanifisteerde gawe(s) van die Gees wat ons ontvang het, moet aangewend word om die ware tempel van YHVH, naamlik die gemeente – die Liggaam van Yeshua – te bou! Daarom verduidelik Paulus die eenheid wat in die Liggaam van Yeshua moet bestaan, en elkeen se rol as deel van die gemeente, soos volg in 1 Kor. 12:12 tot 25:

12*want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een,* 13*want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,* 14*want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie.* 15*As die voet sou sê: 'Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?* 16*As die oor sou sê:' Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?* 17*As die hele liggaam 'n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was, waar sou die reuk wees?* 18*Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil.* 19*As almal een ledemaat was, waar sou die liggaam wees?* 20*Nou is daar egter baie ledemate, maar net een liggaam.* 21*Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie;' of ook die kop vir die voete: 'Ek het julle nie nodig nie,'* 22*maar veel eerder is dié ledemate van die liggaam, wat as swak beskou word, noodsaaklik* 23*en dié ledemate van die liggaam wat ons dink skandelik is, gee ons oorvloediger waarde en die minder mooi, oorvloediger elegansie* 24*terwyl ons mooi gevormde ledemate dit nie nodig het nie, maar God het die liggaam saamgestel en aan die ledemaat wat klein is oorvloediger waarde gegee* 25*sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die ledemate dieselfde vir mekaar mag omgee.*

Ons is almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is, en ons is almal van een Gees gegee om te drink, want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie en in Yeshua moet ons eensgesind wees.
Daarom sê Yeshua ook aan ons Sy priesters:

Julle weet dat die heersers van die nasies baas speel oor hulle en die leiers outoriteit het oor hulle, maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees en wie ook al tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as 'n Losprys vir baie te gee." Matt. 20:25 tot 28.

As priesters volgens die orde van Melgisédek is ons geroep om te dien en nie gedien te word nie! Ons moet die voorbeeld van ons Meester Yeshua volg!

Die priesters het die opdrag om ander te leer en moet self dit leef wat hulle ander leer (Lev. 10:10 en 11; Eseg. 44:23 en 24; 1 Tim. 4:12). Ons moet ons daarop toespits om werkers (priesters) te wees wat die boodskap van Waarheid reguit (suiwer) verkondig (2 Tim. 2:15). Daarom moet ons ag gee op die waarskuwing in Matt. 5:20 toe Yeshua gesê dat as ons onpartydige opregtheid (geregtigheid) nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, sal ons sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie!

'n Groot gevaar is die gevaar van eie geregtigheid (Rom.10:1 tot 3). Daarom is die opdrag dat ons eerstens YHVH se geregtigheid sal soek, dit doen en dit verkondig (Matt. 6:33)!! Die Levitiese priesters was die sinnebeeld van YHVH se geregtigheid onder die ou verbond en vandag moet die Melgisédek priesters die beeld van YHVH se gergtigheid van die nuwe verbond wees.

Yeshua is YHVH se geregtigheid (2 Kor. 5:21)! Daarom rig Rabbynse Judaïsme hulle eie geregtigheid op, want hulle verwerp Yeshua as YHVH se geregtigheid soos wat Paulus dit in Rom. 10:1 tot 3 verduidelik.

1*My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,* **2***want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie* **3***omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie.*

Bepeins of Bespreek

1. Die bou van die derde tempel deur Rabbynse Judaïsme sal in alle waarskynlikheid binnekort 'n werklikheid word. Dan sal die Levitiese priesterorde en die offerandes volgens die Torah van Moses weer ingestel word. Die vraag is: Aan wie gaan jy jouself onderwerp? Aan die Levitiese priesterorde of die priesterorde van Melgisédek? Gaan 'n mens jou hoëpriester wees of Yeshua Malki-Tzedek – die Koning van Geregtigheid?

2. Yeshua het aan ons gesê om studentevolgelinge (dissipels) van al die nasies te maak en om hulle te onderrig sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Hy ons beveel het. Maar Yeshua het geen onderrig aangaande die vyfvoud-bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees gegee nie! Nee, dit was die taak van die apostels wat daagliks saam met Yeshua gewandel het, en spesifiek die taak van Paulus aan wie Yeshua Homself openbaar het. Is die feit dat Yeshua nie self hierdie onderrig gegee het nie, die moontlike rede hoekom baie in die Messiaanse Beweging nie hieroor lering gee nie en sommige selfs Paulus verwerp as 'n vals apostel? Diegene met hierdie siening vergeet Yeshua se woorde aan sy dissipels in Joh. 16:12 en 13 wat duidelik sê dat hulle nie gereed is om alles nou te ontvang en te verstaan nie, maar dat die Afgesonderde Gees hulle na Sy hemelvaart in die hele waarheid sal lei. Is hierdie hele waarheid dan nie ook ten opsigte van die vyfvoud-bediening, die gawes van die Gees en die verandering in die priesterorde en offerandes nie?

3. Het die terugkeer na ons Hebreeuse wortels veroorsaak dat die fokus op die bedieninge en gawes van die Afgesonderde Gees as te ware verdwyn het? Is die woorde in Jer. 6:16 ook op ons van toepassing? Moet ons nie ook terugkeer na die ou paaie en na die goeie weg van die gemeente van Handelinge en van die apostels nie?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.